DR H.R MORKEL INC

Reg. No./Nr. 1999/17806/21 • Practice No. / Praktyk Nr. 2500035

We, at Dr HR Morkel Inc. strive to constantly improve health care by staying abreast of the latest innovations in nuclear medicine and molecular imaging.

We have the momentum to further develop and consolidate our specialised medical establishment, we are dedicated to promoting the science, technology and practical clinical applications of molecular and nuclear imaging that improves the diagnosis, management and treatment of women, men and children benefiting countless generations of patients.

KONTAK ONS:

Panorama
021-930 4734

Cape Gate
021-981 9211

Somerset-Wes
021-851 1163

George
044-875 0055

Besoek asb ook ons webwerf:
www.morkelnucmed.co.za

DR H.R MORKEL INC

Reg. No./Nr. 1999/17806/21 • Practice No. / Praktyk Nr. 2500035

BEHANDELING MET RADIOAKTIEWE JODIUM

Ons wil graag hê u moet goed voorbereid wees voor u behandeling met radioaktiewe jodium. Lees asseblief hierdie brosjure aandagtig deur voor u vir u behandeling kom.



Wat is hipertiroïedisme?

Die skildklier (tiroïed) is in die nek geleë. Sy funksie is om ‘n hormoon genaamd tiroksien te produseer. Hierdie hormoon het ‘n effek op verskeie orgaan sisteme en beheer die metaboliese spoed van die liggaam. Die hormoon is baie belangrik vir alledaagse lewe, maar indien daar te veel van dit geproduseer word kan dit lei na verskeie simptome. Dit sluit onder andere in angstigheid, hartkloppings, slapeloosheid en gewigsverlies. Dit is om hierdie rede dat dit baie belangrik is om ‘n ooraktiewe skildklier suksesvol te behandel

Wat is radioaktiewe jodium?

Jodium wat in u daaglikse dieët voorkom word deur die skildklier geabsorbeer en gebruik om tiroïed hormone te produseer. Radioaktiewe jodium is jodium wat gekombineer word met radioaktiwiteit. Hierdie radioaktiewe jodium kan dan maklik deur die skildklier opgeneem word en bestraal die skildklier om produksie van hierdie hormone te verminder.

Hoe lyk radioaktiewe Jodium?

Radioaktiewe jodium kom in die vorm van ‘n kapsule. Dit is kleurloos en smaakloos. U sal dit saam met ‘n bietjie water neem.

Nadat u die kapsule geneem het, kan u voortgaan met normale aktiwiteite (bv bestuur).

Die dosis wat ons vir u gee word spesifiek vir u uitgewerk en vir u bestel. Die hoeveelheid jodium wat gebruik word is so min dat selfs mense met ‘n jodium allergie dit met veiligheid kan gebruik

Is radioaktiewe jodium gevaarlik...??

NEE!! Radioaktiewe jodium word al sedert die 1950’s gebruik vir die behandeling van ‘n ooraktiewe skildklier. Verskeie studies is al gedoen en dit is bewus dat daar NIE ‘n verhoogde risiko vir kanker later in u lewe is as gevolg van die gebruik van radioaktiewe jodium nie.

Is daar enige nadelige efffekte?

Dit is hoogs onwaarskynlik dat u enige newe-effekte gaan ervaar. Sommige mense ervaar ‘n bietjie teerheid in die nek en soms ‘n toename in die simptome van ‘n ooraktiewe skildklier. Hierdie sal egter binne so 10 dae verbeter.

‘n Algemene nagevolg is dat u skildklier onderaktief kan raak. ‘n Onderaktiewe skildklier is egter nie so gevaarlik soos ‘n ooraktiewe skildklier nie en dit kan maklik behandel word met ‘n pil wat u daagliks sal moet neem.

Voor en na die behandeling.

Sommige medikasies moet voor die behandeling gestaak word. Bespreek dit asb met u verwysende dokter of u kerngeneeskundige alvorens u kom vir u behandeling.

Na die behandeling sal u liggaam van die radioaktiwiteit bevat. Dit word hoofsaaklik deur u urine uitgeskei en verminder daagliks. Ons vra egter dat u verlengde periodes van nabye kontak met klein kindertjie en swanger vrouens vermy vir die eerste paar dae na u behandeling.

Moet ek ‘n dokter sien na my behandeling?

Ja, u moet asb u verwysende geneesheer 6-8 weke na die behandeling gaan sien. Bloedtoetse sal dan gedoen word om vas te stel hoe u op die behandeling gerespondeer het.

Hoeveel keer sal ek behandeling moet ontvang?

Meeste mense responder goed op slegs een behandeling. In 10% van mense is dit egter nodig om meer as een dosis te gee.

Kan ek hierdie behandeling kry as ek swanger of borsvoedend is?

NEE. Ons sal nie vir u radioaktiewe jodium gee indien u swanger of borsvoedend is nie. Indien u borsvoed sal dit vir 2-4 weke gestaak moet word voor ons u kan behandel. U moet asb daarna NIE weer voortgaan met borsvoeding nie.

U kan met u volgende kind weer borsvoed.

Stel ons asseblief in kennis indien u dink u is swanger.

Sal ek ooit weer kan swanger raak na hierdie behandeling?

JA!! Maar u moet asseblief ten minste 6 maande wag voor u swanger raak. Ons stel voor dat u op kontrasepsie gaan vir hierdie periode.

Manlike pasiente moet ook vaderskap uitstel tot 3 maande na behandeling